**28 April**

**Skrifgedeelte: Deuteronomium 22:1-8**
**Fokusgedeelte: Deuteronomium 22:8**

## Vrygemaak om jou naaste lief te hê

Vryheidsdag, gister, het sy kwota toesprake gehad. Die boek Deuteronomium bevat drie toesprake van Moses. Dit was nie sy eie toesprake nie. Hy het alleen maar gesê wat die Here hom gegee het om te sê. Die Skrifgedeelte kom uit die langste toespraak (4:44 – 28:68). Die inleiding tot hierdie tweede toespraak fokus op God se wet. Hierin moet God se kinders onthou dat Hy hulle vrygemaak het: vry van die slawerny in Egipte (5:6), maar ook vry om God lief te hê (6:4). Daarom ook vryheid om jou naaste lief te hê. Die derde deel van hierdie tweede toespraak fokus hierop (12:1 – 26:9).

Vryheid ignoreer nie ons naaste nie. Vryheid is op ons naaste gerig, reik na ons naaste uit. Die vrymaak uit Egipte beteken tog ook dat God sy kinders anders maak. Nie meer slawe nie, maar nuwe mense, God se mense.

Daarom: wanneer God se kind ’n huis bou, dink hy nie alleen aan sy eie gerief en veiligheid nie. Die huise was gewoonlik platdakhuise en jy kon op die dak rondloop. Maar selfs in jou eie huis neem jy verantwoordelikheid vir jou naaste: jy bou ’n reling rondom die dak, om jou naaste te beskerm. Dit voorkom dat jou kuiergas van die dak afval. Dit voorkom ’n ongeluk. So ’n ongeluk, wat die lewe van iemand kan eis, is nie vir die Here bloot net ongeluk nie. Dis “bloedskuld”, want sy lewe is nie in jou hande of eie hande nie. Lewe is deur die Here gegee, ook die nuwe lewe ná bevryding.

Ons is God se kinders. Ons is deur die bloed van Christus vrygemaakte mense. Daarom ook anderse mense. Die Here sê in Galasiërs 5:1 dat ons ons vryheid nie misbruik om sonde te doen nie. Ons fokus nie net weer op onsself, ons eie veiligheid en gerief nie. Vryheid skep ruimte vir jou naaste. “Jou naaste liefhê” beteken ook die verantwoordelikheid om jou naaste se veiligheid, se lewe, in berekening te bring.

*Sing: Psalm 7:1, 2 (1936)*

*Ds. CA (Carel) Jansen (Secunda)*